Nov/85

Alhoewel Suid Afrika onder verskeie terugslae op verskillende terreine gebuk gegaan het en die Oos-Kaap een van die moeilikste fases in die jongste geskiedenis beleef, kan die Universiteit-Rhodes met 'n mate van tevredenheid terugkyk op 1985.

Soos almal, het ons nou-strop getrek wat finansies betref, maar dit was gelukkig nie nodig om ons akademiese en ontwikkelings programme te kortwiek nie.

In 1985 was daar 3 500 studente, dus ietwat meer as in 1984. Ons verwag dat die getalle die volgende paar jare min of meer op hierdie vlak sal bly.

Op die Rhodes kampus was dit redelik rustig ten spyte van onluste in die omgewing, en kommunikasie tussen die studente en die administrasie was nie versteur nie.

Gold Fields Huis, die nuwe toevoeging tot die Kimberley Koshuis kompleks, is in February 1985 in gebruik geneem en het heelwat bygedra om die tekort aan studente huisvesting te verlig. Voor die biblioteek is 'n groot plein met 'n kafeteria vir studente uitgelê.

Daar is begin om uitvoering te gee aan 'n omvattende plan om die terrein van die Universiteit te verfraai en te verbeter. Dit sluit in die verbetering van parkeer geriewe en van voetganger en voertuig verkeer roetes sowel as die verwydering van onnodige en

onoogl ike versperrings.

Rhodes sal voortgaan om in 1986 weer sy verpligting teenoor opvoeding en navorsing na te kom.

PROFESSOR J W BROMMERT
<u>VISE-PRINCIPAAL</u>

November 1985